# Satan In Kettings

JOE CREWS

Kopiereg © 2003 deur
Lu Ann Crews

Alle regte voorbehou.

In Afrikaans vertaal deur
Anita van Deventer

Vir gebruik in die
Transvaal Konferensie

# Satan
## In
# Kettings

1. Inleiding ……………………………………………………
2. Twee Opstandings ……………………………………………..
3. Christus se Wederkoms Begin die Millennium………
4. Saam met Christus vir 'n Duisend Jaar ………………
5. Die Aarde 'n Puinhoop …………………………………
6. Satan Gebonde …………………………………………
7. Dramatiese Afsluiting van die Millennium ……………
8. Die Opstanding van die Goddelose …………………..
9. Die Deursigtige Muur van Skeiding …………………...
10. "Wat Sal Dit 'n Mens Baat?" ……………………………

# 1 Inleiding

Hoe sal u daarvan hou om voor ‘n reusagtige verhoog te sit, ongeveer 600 meter wyd, en die menslike geskiedenis voor u oë uitgebeeld sien? Daar sal u die uiteindelike bestemming sien van elke man, vrou en kind wat nog ooit op aarde geleef het. God gee ons inderdaad so ‘n panoramiese voorskou in een van die dramatiese profesieë in die Bybel.

Sommige mense het die droom gekoester dat die samelewing uiteindelik self sal regkom en sal ontwikkel in ‘n goue era van duisendjarige vrede. In hierdie grootse Utopia is almal veronderstel om te verander en saam te werk om ‘n nuwe wêreld van broederskap en vrede te bou. Ek wens dit kon ‘n ware prentjie wees van die toekoms, maar dit is presies die teenoorgestelde van wat die Bybel beskryf. Jesus het gesé, “En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens.” Lukas 17:26. Paulus het gesê, “Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger, hulle wat verlei en verlei word.” 2 Timotheus 3:13. Nee, hierdie droom van ‘n tydelike millennium is slegs ‘n reuse dwaling, en ons stel nie belang in drome of verbeeldings nie. Ons wil die feite oor die toekoms weet en wat met elke persoon sal gebeur wat ‘n deel van hierdie aardse toneel was. Ons gaan dus na die onderwerp van die millennium in die Bybel.

Die meeste mense weet dat die woord “millennium” gladnie in die Bybel gevind word nie. Dit is geneem van twee Latynse woorde: “milli,” wat ‘n duisend beteken, en “annum,” wat ‘n jaar beteken. Selfs al word die woord egter nie in die Skrifte genoem nie, is daar verwysings na ‘n periode van duisend jaar. Sonder uitsondering word hulle gegroepeer rondom die leerstelling van die opstanding van die dode.

# 2 Twee Opstandings

Jesus het geleer dat daar twee algemene opstandings gaan wees: “Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom ‘n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.” Johannes 5:28,29.

Voordat ons enige verdere spesifieke bewys oor hierdie punt gee, moet ons daarop let dat Christus na die opstanding van die lewe en die opstanding van die veroordeling verwys het. Dit blyk asof hierdie aandui dat die gereddes en die verlorenes nie op dieselfde tyd opgewek word nie. Twee aparte opstandings word beskryf. Die boek van Openbaring bevestig hierdie feit. Johannes het geskryf, “Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.” Openbaring 20:6.

Die gebruik van die uitdrukking “eerste opstanding” is bewys dat daar meer as een moet wees. As ek sê, “Hierdie is die eerste huis wat ek gebou het,” sal u weet dat ek ten minste nog een moes gebou het.

In hierdie teks word twee punte gestaaf. Eerstens, slegs die goeie mense sal enige deel hê in die eerste opstanding. Dit sê duidelik, “**Salig** en **heilig** is hy wat deel het aan die eerste opstanding.” Tweedens leer ons dat die opstanding van daardie heiliges die beginpunt is van die millennium, omdat nadat hulle opgewek is, hulle “sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.” Volgens hierdie versie sal geen goddelose enige deel in die eerste opstanding hê nie. Dit word ook bevestig deur verse 4 en 5 wat die opstanding beskryf van diegene “wat die dier en

sy beeld nie anbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef (gekom om te leef) en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. … Dit is die eerste opstanding."

Dit laat geen twyfel oor die klas wat in die eerste opstanding ingesluit sal word nie. Dit is slegs vir diegene wat getrou aan Christus gebly het. In die middel van die teks vind ons egter 'n baie belangrike, terloopse sin: "En die ander het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie." Vers 5.

Vanselfsprekend kan die "ander" slegs verwys na die goddelose. Hulle sal uit hulle grafte uitkom aan die einde van die millennium – wanneer "die duisend jaar voleindig was."

Nou het ons 'n duidelike prentjie voor ons van twee opstandings wat deur 'n duisend jaar geskei word. Die goeie mense word aan die begin van die millennium opgewek, en die goddelose word aan die einde daarvan opgewek.

## 3 Christus se Wederkoms Begin die Millennium

Kan ons nou uit die Skrifte vind wanneer hierdie eerste opstanding plaasvind, wat die millennium inlei? Ja. Paulus verklaar dat dit by die wederkoms van Christus plaasvind. "Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met die geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan." 1 Thessalonicense 4:16.

Hier word die heiliges "eerste" opgewek – in die eerste opstanding. En dit vind plaas te midde van die glorie en heerlikheid van die wederkoms van Jesus. Hierdie dui die begin van die millennium aan.

Wanneer Jesus kom gaan daar slegs vier groepe mense wees wat Hy sal moet hanteer: die regverdige dode, die

regverdige lewendes, die goddelose dode, en die goddelose lewendes. Almal wat ooit gebore was, sal in een van daardie kategorieë val. Die Bybel gee ‘n boeiende prentjie van wat met elkeen van hierdie klasse gebeur wanneer Christus in al Sy heerlikheid terugkeer. Eerstens, word dit beskryf dat die regverdige dode eerste sal opstaan om die Here te ontmoet. Dan gaan Paulus voort met hierdie woorde: “Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.” 1 Thessalonicense 4:17.

Stel u daardie toneel voor van oorweldigende vreugde en ekstase. Die heiliges word uit hulle stowwerige beddens opgewek en verander in glorieryke onsterflikheid. Op dieselfde oomblik, word die lewende regverdiges verander en word daar aan hulle onsterflike liggame gegee net soos aan die opgewektes. Paulus skryf: “Kyk, ek deel julle ‘n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word. In ‘n oomlbik, in ‘n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word … en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.” 1 Korinthiërs 15:51-53.

Met daardie nuwe liggame wat nooit weer pyn sal ly of sal sterf nie, sal al die gereddes opgeneem word om Jesus in die lug te ontmoet. Sy voete sal nie op daardie tydstip die aarde raak nie. Hy het gekom om die belofte na te kom wat Hy aan Sy volk gemaak het net voordat Hy hierdie aarde verlaat het: “In die hius van my Vader is daar baie wonings … Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.” Johannes 14:2,3.

Waarheen gaan Christus daardie verlostes neem wat Hom in die wolke ontmoet? Na die wonings van Sy Vader waar Hy ‘n plek vir ons voorberei het. Kan daar enige twyfel wees oor waarheen Hy opgevaar het nadat Hy hierdie aarde verlaat het? Petrus was nuuskierig en het die meester uitgevra oor daardie wonings en daardie plek. Jesus het Petrus se vraag in Johannes 14:1-3 beantwoord. Gaan drie versies terug in die vorige hoofstuk: “Simon Petrus sê vir Hom: Here, waar gaan U heen? Jesus antwoord hom: Waar Ek heengaan, kan jy My nou nie volg nie, maar later sal jy My volg.” Johannes 13:36.

Hier is interessante bewys dat Petrus eendag na die plek sal gaan waarheen Jesus oppad was. En waar was dit? Jesus het gesê, “Ek gaan om vir julle plek te berei.” Het Hy nie na Sy Vader se huis, in die hemele, opgevaar waar daardie wonings was nie? Christus het aan Petrus gesê dat hy Hom nie toe daarheen kon volg nie, maar dat hy eendag Hom sal volg na waar Hy heengaan.

Daar is diegene wat sê dat niemand van hierdie aarde ooit hemel toe sal gaan nie, maar dit sou teenstrydig wees met die woorde van Jesus. Dit sou ook teenstrydig wees met die beskrywing van Johannes in Openbaring 19:1: “En ná hierdie dinge het ek iets soos ‘n groot stem van ‘n groot menigte in die hemel gehoor wat sê: Halleluja, die heil en die heerlikheid en die eer en die krag aan die Here onse God!”

Johannes se visioen van die toekoms plaas die heiliges in die hemel. Dit is waarheen Jesus beloof het om hulle te neem – na Sy Vader se huis en die plek wat Hy voorberei het. Dit sal nie die permanente tuiste van die verlostes wees nie, maar dit is verseker die plek waarheen Christus hulle neem om ‘n duisend jaar saam met Hom deur te bring.

Laat ons nou uitvind wat met al die goddeloses gebeur wanneer Christus terugkeer. Ons het alreeds vasgestel dat die

goddelose dode nie weer leef "totdat die duisend jaar verby is" nie. Hulle bly eenvouding in hulle grafte gedurende die millennium. Geen veranderings vind plaas vir hulle tot 'n duisend jaar later nie.

Maar wat van die goddelose wat sal leef tot met Christus se wederkoms? Hoe word hulle geraak? Paulus antwoord: "En aan julle wat verdruk word, verligting *te gee* saam met ons in die openbaring van die Here Jesus uit die hemel met sy magtige engele in vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van onse Here Jesus nie gehoorsaam is nie. Hulle sal as straf ondergaan 'n ewige verderf, weg van die aangesig van die Here en van die heerlikheid van sy sterkte, wanneer Hy kom om verheerlik te word in sy heiliges." 2 Thessalonicense 1:7-10.

Neem kennis van wat met sondaars gebeur op dieselfde tyd wat die heiliges verheerlik word. Sonde kan nie in Sy teenwoordigheid bestaan nie en die goddelose word deur Sy heerlikheid vernietig. "En dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak." 2 Thessalonicense 2:8.

Johannes beskryf die desperate pogings van die goddelose om uit Christus se teenwoordigheid te ontsnap wanneer Hy terugkeer. Hulle sal in klipskeure en rotse van die berge wegkruip, en bid, "Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?" Openbaring 6:16,17.

Die sondaars sal neergevel word deur die helder heerlikheid van God asof 'n duisend volts van elektrisiteit op hulle geval het. Jesus het met hierdie woorde van daardie oomblik gepraat: "Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so

sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want oral waar die dooie liggame lê, daar sal die aasvoëls saamkom." Mattheus 24:27,28. Christus het aangedui dat die liggame van die goddelose verstrooi sal word as gevolg van die verblindende heerlikheid van Sy wederkoms.

Johannes het die goddelose beskryf wat die stryd van Armageddon oorleef het. "En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees." Openbaring 19:21. Sy woorde stem ooreen met die van Jesus. Die liggame van die verlorenes sal voedsel vir die aasvoëls wees, onmiddellik met die verskyning van Christus in die hemele.

Nou is ons gereed om 'n vraag wat baie mense verwar het, te beantwoord. Kan enigeen na Jesus se wederkoms homself bekeer en gered word? Beslis nie. Die Bybel is baie duidelik oor hierdie punt. Johannes noem die presiese woorde van 'n magtige dekreet wat Christus verklaar net voordat Hy na hierdie aarde terugkeer. "Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word. En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees." Openbaring 22:11,12.

Hierdie dui aan dat elke saak vir ewig afgehandel is. Die ondersoekende oordeel is beëindig. Christus lê Sy priesterlike kleed neer en verlaat die hemelse heiligdom waar Hy as ons groot Hoëpriester vir ons ingetree het. Nou keer Hy terug as Koning van konings om die oordeel uit te oefen. Daar kan nie meer geleentheid vir bekering wees nie. Almal sal bly soos wat hulle in die boeke van die hemel bevind was. Wie kan inderdaad gedurende die millennium bekeer en gered word? Die regverdiges is alreeds onsterflik in die hemel, en die goddelose is almal dood. Dit sou net so logies wees om te dink aan iemand

wat uit die kis opstaan en hom bekeer, as om te dink aan enigiemand wat hulle na God keer nadat Jesus gekom het.

Jeremia het hierdie aarde in ‘n visioen gesien nadat Christus teruggekeer het. Hy het dit soos volg beskryf: “En die wat deur die Here verslaan is, sal dié dag lê van die een einde van die aarde tot die ander einde van die aarde; hulle sal nie beklaag of versamel of begrawe word nie; hulle sal mis op die aarde wees.” Jeremia 25:33. Natuurlik sal hulle nie bymekaar gemaak word nie. Hier is niemand om dit te doen nie. Niemand kan oor hulle huil nie, want die aarde is heeltemal leeg van al sy inwoners. Die dooie liggame van die goddelose sal verstrooi lê oor die hele aarde, op dieselfde plekke waar hulle deur die heerlikheid van God se teenwoordigheid neergevel is.

## 5 Die Aarde ‘n Puinhoop

Die aarde self sal in ‘n warboel wees gedurende die duisend jaar as gevolg van die verwoestende aardbewing wat plaasvind by die koms van Christus. “En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale, en daar het ‘n groot aardbewing gekom soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde was nie – so ‘n geweldige aardbewing. … En alle eilande het gevlug, en berge is daar nie gevind nie.” Openbaring 16:18,20.

Daar word deur beide Jesaja en Jeremia na die fisiese resultate van hierdie verwoestende aardbewing verwys. “Kyk, die Here maak die aarde leeg en verwoes dit … Die aarde word heeltemal leeg gemaak en heeltemal geplunder, want die Here het hierdie woord gespreek. … Die aarde word geheel en al verbreek, die aarde is geheel en al aan wankel, die aarde word geheel en al geskud.” Jesaja 24:1,3,19.

Die skokke en naskokke van daardie aardbewing sal verwoesting in elke hoekie van die aarde veroorsaak. Bewoonde eilande sal in die see verdwyn; reuse bergreekse sal inmekaar stort en verdwyn. Jeremia het geskryf: "Ek het na die aarde gekyk, en dit was woes en leeg; ook na die hemel, en sy lig was daar nie. Ek het na die berge gekyk, en hulle het gebewe, en al die heuwels het geskud. Ek het gekyk, en daar was geen mens nie, en al die voëls van die hemel het weggevlieg. Ek het gekyk, en die land van tuine was 'n woestyn, en al sy stede was afgebreek voor die Here, voor sy toorngloed." Jeremia 4:23-26.

By die wederkoms van Jesus, sal alle werke van die mens tot stof vernietig word. Wolkekrabbers sal tot op die grond neerstort, die lug sal donker word, en selfs die voëls sal verdwyn. Die regverdiges word van die aarde verwyder en al die goddelose sal vernietig word. Geen wonder dat die Bybel sê dat dit 'n verskriklike ding is om in die hande van die lewende God te val. Om op daardie dag onvoorbereid te wees, is die grootste tragedie wat mens jou kan voorstel.

## 6 Satan Gebonde

Nou kom die vraag, "Waar is Satan gedurende hierdie groot verskynsel?" In Openbaring 20:1-3 lees ons van die Duiwel gedurende die millennium: "En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand. En hy het die draak gegryp – die ou slang wat die duiwel en die Satan is – en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word." Wat 'n verstommende toneel! Die Duiwel is vir daardie duisend jaar gebonde en in 'n bodemlose put gegooi.

Gelukkig hoef ons nie te spekuleer oor die ligging van die bodemlose put nie.  Die Bybel maak dit baie duidelik.  Die oorspronklike Griekse woord vir “bodemlose put” is “abussos,” vanwaar ons die Engelse woord “abyss,” kry wat “’n diep plek” beteken.  Dieselfde woord word in die Griekse weergawe van Genesis 1:2 gebruik:  “En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed.”  Die woord “wêreldvloed” hier is die Griekse woord “abussos” wat vertaal word as “bodemlose put” in Openbaring 20:1.  Met ander woorde, hierdie aarde was die “abussos” genoem nadat God dit gemaak het;  voordat Hy orde en vorm daaraan gegee het.  Waar dit in ongeorganiseerde duisternis gelê het, was daarna verwys as die bodemlose put.

Gedurende die millennium, sal hierdie planeet terugkeer tot ‘n soortgelyke toestand van verlatenheid en chaos.  Jeremia beskryf dit in dieselfde woorde, “woes en leeg.”  Weer word dit deur die profeet Johannes as die “abussos,” of “bodemlose put” aangedui.  Satan sal op hierdie verskeurde, vernietigde wêreld gevange gehou word vir ‘n duisend jaar terwyl die heiliges in die hemel is.

Iemand mag vra, “Maar wat van die ketting?”  Onthou dat Satan ‘n gevalle engel is, en geestelike wesens kan nie met letterlike kettings gebind word nie.  Die Bybel praat oor die bose engele wat met kettings van duisternis gebind word.  Die doel van die vasbind is “sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie.”  Die enigste moontlike manier om hierdie te bereik, is om Satan weg te neem van al die mense, of om die mense van hom af weg te neem.  Selfs om hom in ‘n diep, werklike put te plaas, sal hom nie daarvan weerhou om die mense te verlei nie, omdat hy miljoene duiwels het om sy werk voort te sit.

Die feit is dat die Duiwel gebonde is deur omstandighede wat verhinder dat hy toegang tot enige mens het gedurende die

duisend jaar.  Onlangs het ‘n man aan my gesê dat Satan alreeds gebonde is sedert 1914.  Dit het my getref as een van die ongeloofliksie stellings.  Indien hy vandag gebonde is, is daar sekerlik iemand wat sy werk vir hom doen.  As die wêreld in hierdie toestand verkeer sonde sy bose gekonkel, moet ons bid dat hy nie loskom nie, aangesien ons dan regtig in die moeilikheid sal wees.  Indien hy nou gebonde is, sal dit moet wees met ‘n rubberketting wat vanaf New York tot Moskou strek en reg rondom die omtrek van die aarde.

Nee, hy is nie vandag gebonde nie, maar hy sal wees terwyl hierdie aarde in wanorde verkeer.  Nie in staat om een enkele siel te verlei nie, sal hy hierdie verwoeste planeet vir ‘n duisend jaar bewoon en nadink oor die verwoesting wat sy program opgelewer het.  Die regverdiges is in die hemel, die goddelose is almal dood, en hy het niemand om mee te werk tot aan die einde van die millennium nie.

Ek het probeer om te dink aan die Duiwel gedurende hierdie periode.  Wat gaan hy doen?  Die aarde is bedek met duisternis, dooie liggame lê oral, en alles is ‘n absolute deurmekaarspul.  Vir sesduisend jaar was Satan voltyds besig.  Hy het mense agtervolg en probeer om hulle vernietiging te bewerkstellig.  Sy hoofberoep vir eeue was om te beskuldig, te mislei en te vernietig.  Skielik het hy egter niks om te doen nie.  Hulle word almal weggeneem, en hy word met sy eie gedagtes alleen gelaat.  Wat sal die Duiwel doen?  Dit sal die rampsaligste straf wees wat Satan moet verduur.  Gedwing om vir duisend jaar op sy eie te leef!  Niemand om te verlei nie; net dink, dink, dink.

Ek is seker dat hy aan die verlede sal dink en al die verskriklike duistere dade sal onthou wat hy gedoen het.  Hy sal aan die toekoms dink en die profesieë van God aangaande sy eie bestemming.  Onthou die Duiwel is ‘n goeie Bybelstudent.  Moenie uself flous nie.  Gee hom erkenning waar dit hom toekom.

Hy ken die Bybel beter as u. O ja, heilige manne van God het geskryf soos wat hulle deur die Heilige Gees gelei was, maar die Duiwel het oor hulle skouers geloer en elke deeltjie daarvan gememoriseer. Die Duiwel weet beter as ons dat elke woord van die Bybel waar is. Hy weet dat alles oor die hemel waar is, omdat hy daar gewoon het. Hy weet dat dit net so mooi en wonderlik is as wat die Bybel dit beskryf, maar hy wil nie hê dat enigiemand anders dit moet glo nie. Hy is dus desperaat aan die werk om mense daarvan te weerhou om hierdie Boek te bestudeer en om mense van hulle knieë af te hou.

As mense eers kan verstaan wat die Bybel leer oor die groot plan van verlossing, weet Satan dat sy krag op daardie oomblik vernietig sal word. Ek sien dus hoe hy aan hierdie dinge dink en in die toekoms inkyk en weet dat sy totale vernietiging alreeds bepaal is. Die Bybel self verklaar dat hy tot as sal verbrand.

Ek veronderstel ook dat hy sal dink aan die baie mense wat hy versoek het terwyl die aarde nog bestaan het. Miskien sal sy gedagtes terugkeer na die arme alkoholis wat geworstel het om vry te wees. Keer op keer het hy uit die modder gekruip, vasberade om nooit weer ‘n drankie te neem nie. Die Satan het die man egter ingewag met voortdurende teistering en versoeking, tot hy weer in die modder terugsak. Uiteindelik het die desperate alkoholis dit gewaag om Jesus Christus as sy Here en Verlosser te aanvaar, en was hy uit Satan se mag verlos. Satan weet nou dat hierdie man vir ewig buite sy invloedsfeer is en hy sal nooit weer in staat wees om hom aan te val nie.

Ja, ek sien die Duiwel wandel oor hierdie onbewoonde planeet en hoe hy struikel oor die verrotte liggame van diegene wat deur die heerlikheid van God neergevel is. En miskien sal een van daardie liggame Satan se spesiale aandag trek omdat hy die man herken en onthou. Hy was ‘n goeie, sedelike man met ‘n pragtige gesin. Almal het van hom gehou Hy was eerlik en het

sy skulde betaal. Mense het aangetrokke gevoel tot hom. Hy was ‘n goeie buurman en burger. Daar was tye dat die man aangetrokke gevoel het om die Here ten volle te volg. Sy vrou het by hom gepleit om dit te doen, en sy klein dogtertjies het elke aand vir hom gebid. Slegs een ding het regtig in sy pad gestaan, maar om een of ander rede kon hy nie sy volle wil aan die wil van Christus oorgee nie. Hy het hom altyd voorgeneem om dit eendag te doen, maar die Duiwel het aangehou om hom van verskonings te voorsien om te wag. Toe het die wolke skielik onverwags soos ‘n swart gordyn oopgeskuif en Christus het teruggekeer. Die man was nie gereed nie. Hy was neergevel saam met al die ander wat net vir hulleself geleef het.

Satan kyk nou na die gemartelde uitdrukking van die dooie man en ‘n grynslag sprei oor sy gesig. Sy strategie was suksesvol, en hierdie man sal nooit weer nog ‘n geleentheid hê om gered te word nie. Hy is vir ewig verlore.

O, die dwaasheid daarvan om nie vir Christus te besluit terwyl die genadedeur nog oop is nie! Sommige speel met sonde en spot met die oortuigings van God se Heilige Gees. U mag ‘n kerklidmaat en ‘n belydende Christen wees, maar indien daar op die oomblik een gekoesterde sonde in u lewe is, speel u speletjies met God. Bely en versaak daardie sonde sonder versuim. Indien ons oë vir een oomblik geopen kon word vir die aaklige gevolge van sonde, sal niemand dit waag om te huiwer om Jesus ten volle te volg nie.

## 7 Dramatiese Afsluiting van die Millennium

Nou kom ons by die slotgebeure van die millennium. Watter dramatiese gebeure sal die einde van die duisend jaar aandui? “En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word.” Openbaring 20:7.

Hierdie loslating van Satan is maklik om te verstaan indien ons vers 5 weer lees, “En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie.” Al die verlorenes van al die eeue sal aan die einde van die millennium uit hulle grafte opgewek word. Dit is wat die Duiwel loslaat om weer eens sy werk van misleiding te begin.

Miskien wonder u oor hoe hy diegene verder kan mislei wat alreeds die ewige lewe verbeur het. Johannes beantwoord hierdie vraag soos volg: “En hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind.” Openbaring 20:8,9.

In hierdie verse word ‘n paar belangrike dinge genoem. Nadat die goddelose aan die einde van die millennium opgewek is, sal Satan hulle lei in ‘n aanval teen die Nuwe Jerusalem. Hy mislei hulle om te dink dat hulle in werklikheid die woonplek van God en die onsterflike heiliges kan inneem. Daardie Heilige Stad daal uit die hemel neer na die duisend jaar. “En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos ‘n bruid wat vir haar man versier is.” Openbaring 21:2.

Hierdie is die gebeurtenis wat deur die profete van ouds beskryf is, wanneer die heiliges van die Paradys af na hierdie aarde sal terugkeer. Volgens Sagaria sal Christus se voete die aarde raak en daar sal skouspelagtige dinge plaasvind. “En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes *tot* ‘n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide. … Dan

sal die Here my God kom, al die heiliges met U!"  Sagaria 14:4,5.

Let daarop dat Jesus kontak met die aarde sal maak wanneer Hy met die heiliges terugkeer.  Toe Hy aan die begin van die millennium die heiliges kom haal het, het Sy voete nie aan die aarde geraak nie.  Almal was opgeneem om Hom te ontmoet.  Nou wanneer die groot, hemelse ruimtestad nader aan hierdie planeet kom, verdeel die Olyfberg onder die aanraking van die Seun van God.  'n Groot plein word 'n landingsplek en die Nuwe Jerusalem kom tot rus op die aarde.

## 8 Die Opstanding van die Goddelose

Op dieselfde tyd wat die Stad neerdaal, word die goddelose opgewek, en dit bevry Satan om hulle te verlei om aan te val.  Nou het hy weer iemand om mee te werk.  Ek het probeer om my voor te stel hoe die groot verleier daardie skare van verlore siele sal aanspreek.  Miskien sal hy daarop aanspraak maak dat hulle deur sy krag opgewek is.  Terwyl hy God daarvan beskuldig dat hy hom onskuldig uit die stad gegooi het, dring hy nou by die leermag van die goddeloses aan om hom te help om sy vorige posisie te herwin.  Ongetwyfeld sal hy vleiende aanbiedinge van eer en mag aan diegene doen wat in die stryd uitblink.

Ek veronderstel dat Napoleon, Alexander, Sanherib, Hitler en Stalin daar sal wees.  Ek is natuurlik nie seker nie, maar gebruik hierdie net as voorbeelde.  Miskien het sommige van hierdie hulle voor hulle dood bekeer, maar daar sal baie groot generaals en militêre leiers in die geledere van Satan se leermag wees terwyl hy teen God optrek.  Baie van daardie manne het met verwensings op hulle lippe gesterf, en hulle is nog steeds in die gemoedstoestand om te veg.  Dit sal nie vir Satan moeilik wees om hulle in gelid te kry terwyl hulle teen die Stad van God optrek nie.

Soms vra mense vir my, “Hoelank sal hulle veg? Hoelank sal dit hulle neem om gereed te maak vir die stryd?” Ek weet nie, omdat die Bybel hieroor swyg. Ek is egter seker dat die Duiwel nie sal probeer om te oorwin deur net klippe na die Heilige Stad te gooi nie. Hy sal sekerlik verskriklike, vernietigende wapens uitdink om te gebruik. Hy het ‘n magtige, vindingryke brein wanneer dit by die voorbereiding van wapentuig kom. Sonder twyfel sal daar atomiese wapens betrokke wees. Hulle sal ‘n D-Dag bepaal. Daar kan ‘n aftelperiode wees tot die tyd wat hulle beplan om die Heilige Stad aan te val. Vanuit ‘n menslike oogpunt blyk dit dat die heiliges gedoem is. Die plofbare, vernietigende wapens sal die mure verbrokkel. Maar dan, skielik, tree God tussenbeide. Hy ontsluit Sy eie vurige krag oor daardie goddelose leërmag. Lees daarvan in vers 9 van Openbaring 20: “En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind.” En dit is die einde van die goddelose. Daar is dit. Die vuur van God val op hierdie aarde neer. Die goddelose mense word verbrand terwyl hulle hulle finale, desperate stryd teen God loods. Dit is die helse vuur van die Bybel.

## 9 Die Deursigtige Muur van Skeiding

Ek glo dat een van die hartseerste prentjies van almal in Openbaring 21:11 openbaar word. In die beskrywing van die Heilige Stad, sê dit: “En dit het die heerlikheid van God gehad, en sy lig was soos ‘n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen.” Die mure van daardie stad sal soos glas wees. Die goddelose sal dwarsdeur die mure kan kyk en alles binne-in daardie Stad kan sien. Het u al ooit gedink aan sommige van die hartseer ontmoetings wat by daardie mure van die Nuwe

Jerusalem sal plaasvind? Praat van die beroemde muur van Sjina of die Klaagmuur in Jerusalem! Hierdie muur gaan egter sommige van die hartverskeurendste tonele openbaar wat al ooit op hierdie aarde plaasgevind het.

Ek stel my voor die opstanding van daardie man wat so ‘n wonderlike gesin gehad het, en wat byna sy besluit vir Christus gemaak het – die een wat beplan het om dit later te doen. Wanneer hy in die tweede opstanding opgewek word, soek hy na sy vrou en twee klein dogtertjies. Niks behalwe oop, leë grafte ontmoet sy oë nie, en sy ore hoor slegs die gehuil en gevloek van die verlorenes. Hy word in die maalstroom van koorsagtige voorbereiding vir die stryd opgesweep.

Terwyl hy nader kom aan die skitterende, deurskynende mure, word hy oorweldig deur die prag van die toneel. In die verte sien hy die ligstrale an die heerlike reënboog wat die troon van God omring. Die Rivier van Lewe vloei uit die troon, en groot takke van die Boom van die Lewe, maak ‘n boog oor die rivier, en dra hulle wonderlike vrugte van onsterflikheid. Die man is stom van verbasing oor die prag. Pragtige, skitterende engele beweeg rond binne-in die Stad. Hy staar na die strate van suiwerste goud en die onbeskryflike pragwonings aan elke kant. Terwyl hy stomgeslaan daar staan, dink hy, “Watter dwaas was ek om dit alles te verloor.”

Dan stel ek my hierdie man voor waar hy probeer om die grootsheid van die landskap in te neem. Bewegende figure aan die binnekant begin om duideliker in fokus te kom. Skielik mis hy ‘n hartklop wanneer hy ‘n blik kry van bekende figure aan die ander kant van die muur. Sy oë verhelder toe hy sy vrou en kinders herken terwyl hulle nader kom. Die man waai en wink Hy roep na hulle om hulle aandag te trek, maar die woorde kom terug soos ‘n leë eggo van die blink mure af.

Dan, en slegs dan, sal hy die werklike afgryse van sy situasie

besef. ‘n Vloed van herinneringe sal sy verstand vul. Hy onthou so duidelik die gebede van sy klein dogtertjies vir hulle pappa om gered te word. Hy herleef weer die tere oproepe wat trane na sy oë gebring het, die stryd met sy gewete, en die besluit om te wag. Die woorde van sy vrou kom nou terug om hom te treiter. “Liefie, waarom gee jy nie oor aan Jesus nie? Moenie bekommerd wees oor jou werk nie. Ek sal werk, en ons sal regkom. Die Here sal voorsien. Ek het jou so lief en Jesus het jou lief.” Hy het die hardkoppige rebellie beveg, maar stadig toegegee aan die praktiese vereistes van sy werk en sy wêreldse vriende. Nou sou hy enigiets in die wêreld wou gee om na daardie oomblik terug te keer. As hy maar net weer sy klein dogtertjies in sy arms kan neem, en sy dierbare vrou kan soen, en hulle kon verseker dat hulle gebede verhoor is.

O, die berou van daardie oomblik! Die man steek sy arms uit en roep uit, “Bid asseblief nog eenkeer vir my!” Maar dit is te laat, en voor die jaspis muur kan ek sien hoe daardie man en vader op die grond neerval en ween en pleit vir net nog een kans wat nooit toegestaan kan word nie. Hierdie sal sekerlik die grootste straf wees vir diegene wat uiteindelik besef wat dit beteken om verlore te wees.

## 10 “Wat Sal Dit ‘n Mens Baat?”

O, hoe wens ek dat ek hierdie prentjie so goed kon teken oor die belangrikheid van oorgee, dat elke persoon sy saak met God reg sal stel voordat hy vanaand gaan slaap. Ons moet weet dat ons onsself volkome aan die Here Jesus Christus gegee het. Ek weet daar is sommige wat eerder sal wil hoor dat u sê, “Moenie dat ons fanaties raak nie, laat ons niks tot die uiterste toe voer nie. Kom ons wag net en dinge sal vir hulleself sorg.” Daardie selfde mense wat nou so sê, sal eendag aan die ander kant van

die muur van die Nuwe Jerusalem huil en sê: “O, waarom het niemand my vertel nie? Waarom het niemand my gedwing om dit te doen terwyl ek die geleentheid gehad het nie?”

Ek is verbaas oor die manier waarop mense deur hulle vriende beïnvloed word – deur die woorde van diegene wat dit baie goed bedoel. Watter troos sal daardie woorde wees wanneer die vriende ook aan die buitekant van die muur is en na binne kyk? Soms word mense teruggehou deur besittings, of werk, of bankrekenings; maar watter troos sal dit wees om ‘n groot, opgehoopte stapel aardse skate te hê en nog steeds aan die buitekant te wees en deur die mure te kyk? Wat van die godsdienstige leiers en onderwysers wat mense getroos het deur vir hulle te sê om nie bekommerd te wees om die gebooie te hou nie? Dieselfde godsdienstige onderwysers is ook aan die buitekant.

Elkeen van ons behoort nou die Woord van God te ondersoek ten einde te weet wat om te doen. Die Bybel is die bloudruk vir verlossing. Die magtigste, motiverende kragte in die samelewing van vandag sal weldra ontbloot word as van geen waarde nie. Uiteindelik sal mense hulle goud en silwer in die strate gooi vir die molle en die vlêrmuise. Uiteindelik sal mense daardie dinge moet prysgee wat soveel in hierdie lewe beteken het. Indien dit uiteindelik so gaan eindig – indien mense dit gaan weggooi soos wat Jesaja 2 dit beskryf – waarom gooi hulle dit nie nou weg sodat hulle hulle roeping en verkiesing kan verseker nie?

Indien u wag en weier om ‘n besluit te maak om Christus ten volle te volg, kan ek u een ding beloof, eendag gaan u weet dat die sagte, klein stemmetjie van die Gees sy finale pleidooi gelewer het. Die Bybel sal vir ewig op die preekstoel toegemaak word, en daar sal geen mense in die banke wees nie. Skielik sal elke man, vrou en kind geroep word om voor God te staan. Die besige lewe van hierdie wêreld sal tot ‘n verpletterende stilstand

kom. Die dansmusiek sal skielik afgeskakel word, die helder ligte sal vir ewig uitgedoof word, en die radio en TV skyfies sal inmekaar smelt. Niemand sal met hulle besigheid voortgaan nie, omdat God skielik sal intree en elke man, vrou en kind sal roep om verslag te gee. Die wêreld sal verskeur word deur die verwoestende aardbewing waarvan ons in Openbaring 16 lees. 'n Orkaan sal die see opsweep tot 'n kolkende verwoestende massa water. Die bewoonde eilande van hierdie aarde sal beweeg, effens draai, en uit sig verdwyn. Groot berge sal krul en draai, en dan in stukke breek deur die magtige, vulkaniese aksie van die aarde en op die oop vlaktes val. Donker, woelende wolke sal die lug vul, en teen mekaar bots. Die weerlig sal uit daardie wolke neerdaal om hierdie aarde in 'n groot see van vlamme te omhul. Manne, wit soos spoke, sal heen en weer hardloop op soek na skuiling; en hulle sal geen skuiling vind nie. En dan, te midde van die uitroepe van vrees, kom die groot haelstene van God druisend neer met 'n sieklike geplof, en maak brandhout uit al die geboue en huise van hierdie aarde.

Te midde van alles sal daar in die verte 'n klein tikkie heerlikheid verskyn wat nader aan die aarde sal kom, en groter en groter sal word. Eers sal slegs 'n paar dit raaksien, maar soos wat dit nader kom, sal die verblindende lig daarvan elke oog trek. Bewoners van elke land op aarde sal opkyk en die heerlikheid van Jesus en al die engele aanskou. Wat 'n gewyde oomblik sal dit nie wees nie! Vir die eerste keer sedert die vloed sal daar geen gekskeerdery, geen uitspattige gelag, geen ligsinnigheid wees nie. Elke mond sal gesnoer wees, en 'n gewyde, stil gees sal op elke hart neerdaal.

Hoe goedkoop gaan geld dan nie lyk nie. Hoe belaglik sal dit lyk dat die mens toegelaat het dat die spot van vriende hom teruggehou het om daardie besluit te maak. Aan elke kant gaan daar stemme gehoor word wat uitroep, "Te laat! Te laat!" En

daardie woorde sal oor die hele aarde weergalm, terwyl die verlostes opkyk en sê, “Dit is onse God op wie ons gewag het en Hy sal ons verlos.”

Die verhaal van hierdie verlore planeet sluit dus af presies net soos wat dit begin het. Nadat die vuur die goddelose vernietig het, en die vloek van die sonde verbrand het, sal God dit weer nuut maak. Hierdie aarde, ontslae van al die besoedelende resultate van oortreding, sal herstel word tot die oorspronklike paradys wat God beplan het dat dit moet wees. “Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en ‘n nuwe aarde waarin geregtigheid woon.” 2 Petrus 3:13. Jesus het gesê, “Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.” Mattheus 5:5. En so sal dit wees!